Verwysing: 20211112-7644
Lêerno.: 2/9/4/3
Navrae: A Jacobs

Kennis- en Inligtingsbestuurminuut: 0008/2021

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde van subdirektorate en afdelingshoofde (Hoofkantoor en distrikskantore)

Onderwerp: Rooster vir ITOPSCOM-vergadering

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) se Bestuurskomitee vir Inligtings- en Kommunikasietegnologie (ITOPSCOM) (IKT) is 'n uitbreiding van die ITSTEERCOM en vergader maandeliks, volgens die tabel hieronder, om aansoeke vir standaard IKT-toerusting te beoordeel.

2. Verantwoordelikheidsbestuurders moet die goedgekeurde ITOPSCOM-aansoekvorm (Bylae A) volledig invul wanneer IKT-goedere en dienste aangevra word. Die volledig getekende en oorspronklike aansoek moet by die ITOPSCOM-sekretariaat, 12de verdieping, Wharfplein-noord 1, Kaapstad, ingedien word. Alle aansoeke moet die sekretariaat minstens een week vóór die vergadering bereik. Sodra die aansoek ter tafel gelê is, sal die aansoeker/versoeker 'n afskrif van die goedgekeurde aansoek vir verdere verwerking ontvang of 'n e-pos wat hulle in kennis stel as die aansoek afgekeur is.

3. Die ITOPSCOM sal slegs standaard IKT-items beoordeel. Die lys met standaarditems (Bylae B) word gereeld deur DotP:Ce-I bygewerk en bywerkings is aanlyn by https://mygov.westerncape.gov.za/services/it-policies-documents-and-forms beskikbaar. Alle niestandaard-aansoeke sal tesame met 'n aanbeveling na ITSTEERCOM verwys word.

4. Die aansoek vir die vervanging van IKT-toerusting moet vergesel wees van 'n tegniese verslag wat die redes vir die vervangingsversoek uiteensit. In gevalle waar IKT-toerusting vir nuwe aanstellings aangekoop moet word, is 'n motivering nodig om te verklaar of enige toerusting vóór die aanstelling in die pos voorsien is, en wat met die toerusting sal gebeur.

5. Maak asseblief seker dat die ITOPSCOM-aansoekvorm aandui of toerusting hertoegewys of afgeskryf sal word, in welke geval Verskaffingskettingbestuur daarvan in kennis gestel moet word om die veranderinge op die bateregister aan te bring.

6. Die rooster vir die ITOPSCOM-vergadering vir die res van die 2021/2022-boekjaar en die voorleggingsdatums vir aansoeke is soos volg:

DATUM VAN VERGADERING	TYD	SPERDATUM VIR AANSOEKE
26 Januarie 2022	09:00-12:00	19 Januarie 2022
23 Februarie 2022	09:00-12:00	16 Februarie 2022
30 Maart 2022	09:00-12:00	23 Maart 2022
27 April 2022	09:00-12:00	20 April 2022
25 Mei 2022	09:00-12:00	18 Mei 2022
29 Junie 2022	09:00-12:00	22 Junie 2022
27 Julie 2022	09:00-12:00	20 Julie 2022
31 Augustus 2022	09:00-12:00	24 Augustus 2022
28 September 2022	09:00-12:00	21 September 2022
26 Oktober 2022	09:00-12:00	19 Oktober 2022
30 November 2022	09:00-12:00	23 November 2022
25 Januarie 2023	09:00-12:00	18 Januarie 2023
22 Februarie 2023	09:00-12:00	15 Februarie 2023
29 Maart 2023	09:00-12:00	22 Maart 2023

7. Alle navrae oor die rooster van die ITOPSCOM-vergadering kan per e-pos aan Ashley.Jacobs@westerncape.gov.za gestuur word, of aan die Adjunkdirekteur: IKT-koördinering (Kennis- en Inligtingsbestuur) by 021 467 9322 gerig word.

GETEKEN: MS ABRAHAMS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING
DATUM: 2021-11-24